Die visserman se vis

Naam:

ŉ Jong visserman het elke aand op sy boot uitgegaan om sy nette in die water te gooi.

Wanneer die wind van die land af gewaai het, het hy niks of net ŉ baie klein bietjie gevang, want dit was ŉ kwaai en vurige wind, en die rowwe waters het hoog daarteen geslaan. Maar wanneer die wind van die see af gewaai het, het die visse vanuit die dieptes gekom en in sy net verstrik geraak, en hy kon dit mark toe vat en verkoop.

Hy het elke aand op die see uitgegaan, en een aand was sy net so swaar dat hy dit skaars in sy boot kon trek. Hy lag en sê vir homself, "Ek het sekerlik al die visse in die see gevang, of ŉ monster waaroor die mense hulle sal verwonder, of iets skrikwekkends wat die Koningin sal wil hê". Hy trek die toue met al sy mag totdat die are in sy arms bult. Hy trek en trek, en uiteindelik styg die net tot bo-op die water.

Maar daar was geen vis in die net nie, ook nie ŉ monster of iets skrikwekkends nie, maar ŉ klein meermin, vas aan die slaap.

Aangepas en verkort van die oorspronklike storie deur Oscar Wilde

Gebruik ŉ woordeboek om die betekenis van die volgende woorde na te slaan:

Verwonder: _____

_____

Skrikwekkend: _____

_____

© e-classroom 2015

LUCKY STAR
Eat better. Live better.

Die visserman se vis

Skryf nou jou eie kort storie van nie meer as 140 woorde nie oor 'n visserman wat sardientjies vang omdat dit gesond is vir sy gesin om te eet.



Noem in jou storie hoekom mense graag sardientjies eet en noem al die gesondheidsvoordele daarvan. Gebruik jou verbeelding, karakters, en goeie taal, spelling en leestekens.

Gebruik die skryfproses:

- Beplanning
- Rofwerk
- Verbetering
- Redigering
- Proeflees en aanbieding

© e-classroom 2015

LUCKY STAR
Eat better. Live better.